No 1305 14 Februarie 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant
Predikant: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za*
Administratiewe beampte: Magda Coetzee: 082 496 9218, *magdacmcoetzee@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za *Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

DIE EREDIENS

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Ons bid u elkeen 'n geloofsverrykende, vreugdevolle en aangename erediens toe.

Eerste diens:

Ds. Dirk Kotzee
Skriflesing: Matteus 17:14-20
Teks: Matteus 17:20(b)
Tema: GELOOF SOOS 'N MOSTERDSAAD: IS DIT MY GROOT GELOOF, OF DIE GROOT GOD IN WIE EK GLO?

Preekskets:
Ons leef tans in 'n samelewing wat die mag van die mens en sy vermoëns al meer onderskryf Jy moet net in jouself en jou vermoëns glo. Jy moet net kyk na hoe wonderlik en oulik ons mense is. Die tipe denke het selfs al begin deursyfer na die kerk. Die wêreld is deesdae vol van die mense wat die Word-Faith beweging aanhang. Die kenmerk van die beweging is die slagspreuk: spreek lewe.

Na aanleiding van die bedreiging, kyk ons vandag in die prediking, soos ons onsself voorberei op nagmaal, na waar die krag van die geloof nou eintlik lê? In my groot geloof? Of in die groot God waarin ek glo?

Sing:
Psalm 145: 1,2 en 12
SB 9-3: 1 en 2
Psalm 119: 18 en 19 (Cloete)
SB 10-2
SB 12-3: 1 en 2
SB 13-3

Tweede diens:

Ds. Dirk Kotzee
Skriflesing: Romeine 1: 18-32
Teks: Romeine 1: 28
Tema: HOMOSEKSUALITEIT

Preekskets:
Homoseksualiteit is die laaste tyd redelik op die voorgrond in die media en in die kerk. Vanmore kyk ons saam na die Woord van God en hoe God Homself oor hierdie saak uitspreek. Wanneer ons hierna luister, is dit dan ook nie 'n mens se opinie oor homoseksualiteit nie, maar God se Woord. Mag ons elkeen verryk word deur te sien wat God eis – van alle mense in verband met seksualiteit – en hoe ons moet optree teenoor ons medemens wat opsetlik hulself teen God se Woord verset.

Sing:
Psalm 47: 1 en 4
Pslam 19: 1 en 7
SB 14-1: 1 en 3

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas.
By die deure: Borg-'n-Bybel.
Volgende Sondag: Dankbaarheidsfonds.

Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk C2 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Gerrit Grobler en diaken Johannes van Jaarsveld.

Katkisasie toesig: Gr. 4

GEMEENTE-SAKE

Uit die kerkraad:

Ouderlinge en diakens

Die volgende broeders word as ouderlinge aan die gemeente voorgehou:

Br. Johan van Dijken
Br. Christiaan Swanepoel

As diaken:

Sr. Sanderien van der Walt

Ons is op Facebook!

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers ’n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto’s deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as **79 “likes”!**

Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar ’n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het ’n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

GEMEENTELIKE AKTIWITEITE

Sustersake

***Skinkbeurte*:**

Vandag 07/02: B1, B2, B3, C3, F2, H2.

Volgende Sondag 14/02: C1, C2, D2, F3, G4, H6.

Susters word vriendelik versoek om maar ’n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Katkisasie

Katkisasie direk na die erediens. Daar word vir 19 Februarie 2016 ‘n jeug-aksie beplan. Ons gaan lekker wors braai en worsbroodjies eet. Die aand word beplan as ’n lekker ken-mekaar en afskop vir die jaar.

Bybelstudie:

Die Bybelstudie het weer in aanvang geneem. Dit is Woensdag (24/02) in die oggend om 09:30. Die aand bybelstudie is volgende Donderdag (17/02) om 18:00.

Feeskommissie:

Nagmaalete:

Ons gaan weer DV Sondag 21 Februarie 2016 na die erediens saam eet. Ons wil graag BRING EN BRAAI; die bykosse en nagereg sal voorsien word. Bring asb. jou eie dinkgoed, eetgerei en vleis saam. Kyk ook uit vir die spesiale vermaak wat vir die kinders gereël gaan word. Gee asb. julle name op in die voorportaal, sodat ons volgens getalle kan voorberei.

Gemeentenaweek:

DIT IS DIE LAASTE NAWEEK VIR BESPREKINGS!!!! Indien u nog nie bespreek het nie, is dit vanmore die laaste geleentheid. Meer informasie is in die voorportaal beskikbaar.

Diakonie:

Die Diakens en hul gesinne word herinner aan die piekniek vandag saam met Ds Dirk. Ons begin van 11:30 af hier by die kerk. Elkeen bring sy eie eetgoed, eetgerei en drinkgoed saam.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie, Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p/kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die

konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle 'n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

14 Februarie

Adele Cilliers (082 498 3410), Dorothy Kruger (012 343 2212 x 244) en Hannes van Niekerk (082 652 2325)

15 Februarie

Nicol van der Walt (012) 361 6294) en Annette Vlotman (012) 997 4866).

17 Februarie

Annelize Strydom (082 257 1341).

19 Februarie

Susan Swanepoel (012) 993 1074)

20 Februarie

Lida Dekker (012) 991 1057)

Spesiale verjaardagwense

Ons dink spesiaal hierdie week aan Dorothy Kruger en Lida Dekker wat onderskeidelik vandag en volgende Saterdag 93 en 87 jaar oud word. Veels geluk! Ons is die Here baie dankbaar vir julle geseënde lewensjare en bid dat hulle 'n gesonde en vreugdevolle lewensjaar toe. Mag die Here julle nog lank in julle dierbares en ons midde laat bly!

Nuwe intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry

Gedagte vir die week

Moet nie oor ander oordeel nie, want die oordeel kom jou nie toe nie! God alleen is Regter en die oordeel kom Hom alleen toe! Buitendien moet jy bereid wees om oor dieselfde kam geskeer te word, indien jy wel oordeel. Want die maat waarmee jy oordeel, sal oor jou geoordeel word!

Dagboek

Ds. Dirk se kantoor is in die konsistorie opgestel. Hy sal Maandag tot Vrydag, tensy iets anders voorval, van 08:00 tot 15:00 op kantoor wees. Hy is egter 24/7 beskikbaar en is net 'n oproep vêr. Bel hom by 079 305 3297

Hierdie week: *Vandag* Voorbereiding erediens om 09:00. Katkisasie daarna. Tweede erediens. Ds. Dirk preek. Diakonie vergadering 16/02 om 19:00 in konsistorie. Ouderling vergadering 17/02 om 19:00 in konsistorie. Bybelstudie 18/02 om 18:00

Week 2: *Sondag 21 Februarie:* Nagmaal. Ds. Dirk preek. Geen katkisasie. Nabetragting. Ds. Dirk preek. Klub 50 op 26/02.

Week 3: *Sondag 28 Februarie:* Erediens om 09:00. Ds. Dirk preek. Katkisasie daarna. Tweede erediens. Ds. Dirk preek.

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus

SanLameer-eenheid te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus. Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by: *marielouiseels@gmail.com*.

Mount Amanzi

Geleë agter die Hartebeespoortdam. Selfsorg chalet, slaap 5. Vir fasiliteite in en om die oord, besoek gerus: www.mountamanzi.co.za. Kostes: R700 per nag vir die chalet. Kontak Rietie Havemann by (012) 9934869 of 0733969502

Oornagkamers te huur in Waterkloofrif

2 Gemeubileerde kamers met dubbelbed en gemeenskaplike badkamer. Veilige parkering Lapa en swembad R150 per persoon per nag Skakel Estelle 072 785 3935

Te huur The Wilds landgoed

'n 3 slk simplex huis. 2 bdks, sitkamer, aparte eetkamer, kombuis, D/M, patio met ingeboude braai tuin. Toesluit en ry met 24 uur sekuriteit. Klubhuis,tennis -muurbalbane en swembad. Naby Pretoria-Oos hospitaal, Woodlands winkelsentrum, Woodhill College, N1 & N4 snelweë. Onmiddellik beskikbaar.

Prys R11 900pm Kontak Estelle 072 785 3935

TE HUUR

Moderne noordfront duplex huis geleë in gesogte kompleks in **Equestria.**

Onderste vloer: Oopplan sit-eetkamer-kombuis, privaat opwaskamer, studeerkamer, gastetoilet, D/G. Patio, ingeboude braai, tuin.

Boonste vloer 3 slk, 2 vol bdk, klein balkon by hoofslaapkamer, groot balkon by suidfrontslaapkamer.

Nuut uitgeverf. 24 uur Sekuriteit. R12 500 pm. Okk 1 Februarie 2016. Langtermyn beskikbaar Skakel Estelle 072 785 3935

Susan Swanepoel Musiekskool

Onderrig in klavier, teorie, harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instru-mente en sang. Kontak *Susan* by 083 252 0983 of (012) 993 1074.

Loodgieterswerk

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk. Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Boomsloping en snoeiwerk

Jac Marais ('n lidmaat van die GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine.

Skakel (012) 819 1316 of 082 412 7137.

Die Waslyn

Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit.

Skakel: 078 296 4593.

Vars gebak en Spyseniering

Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, "platters" en spyseniering vir funksies, verjaarsdae, kinderpartytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur 'n e-pos aan: *cjswan4@gmail.com*.

AKKOMMODASIE. Drie kamers beskikbaar vir verkieslik jongmans of studente @ R3000/pm, ongemeubeleerd met veilige parkering.

Tipies 2 dae per week word vloere skoongemaak en wasgoed gedoen (eie waspoeier).

Twee persone deel 'n badkamer met stort

DOUGLAS Straat 41, COLBYN

Loopafstand vanaf Gautrein, Hatfield en Universiteit Pretoria

Kontak Dalene Jansen:

012 342 4919 of 076 035 5938 Bel net vooraf